# ANC wil só tenderproses vir kragleweraar versnel

Jan de Lange, Johannesburg

Die ANC het besluit dat ’n afsonderlike proses buite Eskom geskep moet word om die totstandkoming van private kragprodusente te hanteer, sê mnr. Gwede Mantashe, sekretaris-generaal van die party.

Mantashe het gister ná ’n gesprekforum by Gibs, die Universiteit van Pretoria se nagraadse bestuurskool in Johannesburg, gesê ’n afsonderlike proses moet geskep word om die afhandeling van die tenderprosesse vir die private kragprodusente te versnel.

Private kragprodusente het reeds ’n jaar gelede tenders ingedien vir die bou van private kragsentrales, wat ook basis-kragstasies insluit.

Nie een hiervan is egter al deur Eskom aanvaar nie en die proses het sedertdien feitlik tot stilstand gekom.

Basis-kragstasies wek voortdurend krag op, teenoor piekverbruik-kragstasies wat net op sekere tye ingespan word.

“Ons het besluit dit moet afsonderlik deur ’n nuwe liggaam buite Eskom gehanteer word. Eskom sal steeds die koper van die elektrisiteit wees, maar die nuwe liggaam sal ook ander elektrisiteitskwessies hanteer, soos die oprigting van basiskragstasies deur ander produsente. Hy sal moontlik ook die vraagbestuursfunksie van Eskom oorneem,” het Mantashe gesê.

Hy wou nie meer daaroor sê nie omdat dit deur staatsdepartemente verder gevoer word.

CIC Energy, wat ver gevorder is met planne vir ’n groot steenkoolkragsentrale van 2 400 MW in die Mmamabula-steenkoolveld in Botswana waarvandaan krag aan Eskom gelewer moet word, het sy projek onbepaald uitgestel weens die vertraging met die sluit van ’n elektrisiteitskontrak met Eskom.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published